LAER VOLKSKOOL GRAAFF-REINET

Tel. 049 – 8910 803
Sel: 0721702045

Posbus 253
GRAAFF-REINET
6280

E-Pos: hoof@laervolkskool.org
Skoolhoof : Mnr D Joubert

GESTIG 1922

Geagte Voornemende Ouers

Hiermee gee ons die volgende inligting aan u deur.

SKOOLTYE

DAE	**GRAAD 1**		**GRAAD 2**		**GRAAD 3**		**GRAAD 4-7**	
	Begin	Verdaag	Begin	Verdaag	Begin	Verdaag	Begin	Verdaag
Maandag	07:45	12:30	07:45	12:45	07:45	13:00	07:30	13:30
Dinsdag-Donderdag	07:15	12:30	07:15	12:45	07:15	13:00	07:15	13:30
Vrydag	07:15	12:30	07:15	12:45	07:15	13:00	07:15	13:00

Kleredrag
Laer Volkskool en ons leerlinge se voorkoms en die beeld wat uitgedra word is ons trots. Ons skooldrag maak ‘n belangrike deel uit van die beeld wat ons uitdra en daarom is dit belangrik dat dit die korrekte skooldrag sal wees. Die volgende riglyne word deurgegee om eenvormigheid te verseker.

Somer Skooldrag Seuns:
- Grys kortbroek
- Wit kortmouhemp
- Gr 1-3: Mag kaalvoet skool bywoon.
- Gr 4-7: Swart skoolskoene met grys **Volkskoolkouse**. (Nie gewone grys kouse nie).
- Indien die oggend/dag koud is: Skooltrui- geen ander top/baadjie.
- Geen armbandjies of ander juwele.

Somer Skooldrag Dogters:
- Skoolrok – rok mag nie te kort wees nie. (nie korter as 4 vingers bo knie)
- Swartbroeke (skipants) mag nie onder rok uitsteek nie
- Gr 1-3: Mag met kaalvoete skool bywoon.
- Gr 4-7: Swart skoolskoene met wit kouse.
- Indien koud: Skooltrui- geen ander top/baadjie.
- Geen oorringe – slegs knoppies sonder steentjies
- Geen armbandjies of ander juwele.

Somer LO-drag/ atletiekdrag Seuns: (Mag skool bywoon met hierdie drag op praktiese LO-dae)
- Swart rugbybroek
- Swart Laer Volkskool-hemp
- Tekkies (geen “sneakers”) en wit kouse (nie “secret socks”).
- Indien die oggend/dag koud is: Volkskool sweetpakbaadjie – geen skooltrui.
- Geen plakkies mag saam met volle sweetpak gedra word nie.

Somer LO-dra/ atletiekdrag Meisies: (Mag skool bywoon met hierdie drag op praktiese LO-dae)
- Maroen broek- nie skorte.
- Maroen Laer Volkskool hemp.
- Tekkies (geen “sneakers”) en wit kouse (nie “secret socks”) of Volkskool-plakkies.
- Indien die oggend /dag koud is: Volkskool sweetpakbaadjie – geen skooltrui.
- Geen plakkies mag saam met volle sweetpak gedra word nie.

Leerlinge mag LO doen en sport beoefen in ander Volkskool hemde totdat hulle die korrekte drag bekom het. Indien leerlinge nie die korrekte LO- drag het nie, kom hulle skooltoe met skooldrag en bring die LO klere saam.

SKOOLFONDS
Die huidige skoolfonds is as volg:
R1 650,00 per leerling per maand vir 10 maande (Jan–Okt) of R4 125,00 per leerling per kwartaal of R16 500,00 per leerling per jaar. Ons doen tog 'n beroep op u om asseblief u skoolfonds gereeld te betaal. Al is ons 'n staatskool betaal die Departement net die onderwysers se salarisse en 'n minimale bedrag. Ons is nogsteeds verantwoordelik vir die betaal van ons eie rekeninge (krag & water) asook die aankoop van onderrigmateriaal. Daarbenewens het ons ook onderwysers wat deur die Beheerliggaam vergoed word.

Skoolfonds is **verpligtend en vooruitbetaalbaar** teen die eerste week wat die skool open. Bankbesonderhede vir direkte inbetalings: **ENB Tjekrekeningnommer 62407489021 by Graaff-Reinet (takkode 210-216) met u kind se naam en van as verwysing.**

FINANSIëLE HULP
Die nodige vorms vir finansiële hulp vir skoolfonds is vanaf **1 Februarie 2023** by die skoolkantoor beskikbaar en **moet asseblief deur uself** afgehaal word. U moet asseblief teken met ontvangs van die vorm.

KOSHUISFOOIE
Die huidige koshuisfooie is as volg:
R6 500.00 vir kwartaal 1 tot 3 per leerling en R5 500.00 vir kwartaal 4 per leerling. Koshuisgelde kan slegs per jaar of kwartaal betaal word. **Die koshuisgelde moet op die eerste skooldag van elke kwartaal vooruit betaal wees. Die kwitansie moet by die ingang van die koshuis getoon word.**

Bankbesonderhede vir direkte inbetalings: **ENB Tjekrekeningnommer 62407490177 by Graaff-Reinet (takkode 210-216) met u kind se naam en van as verwysing.**

HUIS EYBERS NASORG
Indien u in nasorg by die koshuis belangstel, **(slegs Maandae tot Donderdae),** kan u die nodige vorms by die skoolkantoor afhaal en so gou as moontlik indien. Ons wil ons getalle vir volgende jaar finaliseer. Die fooie is kwartaaliks vooruitbetaalbaar en moet aan die begin van die kwartaal betaal word, voordat u kind tot die nasorg toegelaat sal word.

Die huidige fooie is as volg:
Nasorggelde is kwartaaliks vooruitbetaalbaar, en moet betaal wees voordat u kind die nasorg mag bywoon.

Bankbesonderhede vir direkte inbetalings: **ENB Tjekrekeningnommer 62407490177 by Graaff-Reinet (takkode 210-216) met u kind se naam en van as verwysing.**

NASORG/…

NASORG

(Nasorg Maandae tot Donderdae)

Sonder etes **Per jaar**	**R 7000.00**		
Kwartaal 1	1920	R640 per maand vir 3 maande	Jan-Mrt
Kwartaal 2	1920	R640 per maand vir 3 maande	April-Jun
Kwartaal 3	1920	R640 per maand vir 3 maande	Jul-Sept
Kwartaal 4	1240	R640 per maand vir 2 maande	Okt-Nov.
Met etes **Per jaar**	**R11 800.00**		
Kwartaal 1	3225	R1075 per maand vir 3 maande	Jan-Mrt
Kwartaal 2	3225	R1075 per maand vir 3 maande	Apr-Jun
Kwartaal 3	3225	R1075 per maand vir 3 maande	Jul-Sept
Kwartaal 4	2125	R1075 per maand vir 2 maande	Okt-Nov

RAPPORTE
Rapporte sal deur die klasonderwyser aan die leerlinge gegee word. Indien die leerling dit nie self kan afhaal nie, sal die rapport die volgende kwartaal uitgegee word.

UNIFORM
Skoolklere is by Nommerpas te Kerkstraat beskikbaar.

ANDER SAKE
Merk u kind se eiendom duidelik. Items word nie altyd “gesteel” nie, maar dit gebeur wel, of eiendom word op die terrein vergeet.

GEEN pakkies mag by die kantoor afgegee word nie. Personeel het nie die tyd om pakkies by leerlinge af te gee nie.

Ons sien daarna uit om u te ontvang.

Vriendelike groete.

D. Joubert
Skoolhoof